

# VLERMUISE VAN DIE O.V.S.

J.P. Watson

Die Vrystaat is nie 'n boomryke gebied nie en dus is die verskeidenheid vlermuise wat hier aangetref word klein in vergelyke met gebiede soos Transvaal en verder noord en oos in Suid-Afrika. 'n Paar van dié wat hier gevind word, gaan van naderby beskou en bespreek word.

Die Geel-vrugtevlermuis, *Eidolon helvum* is op verskeie plekke in die Vrystaat versamel en is die enigste soort van die vrugtevreterende vlermuise wat hier voorkom. In Sentraal Afrika kom hulle in kolonies van 200 000 voor maar in Suid-Afrika word hulle enkel of in klein groepies aangetref. Bedags skuil hulle in woude in hoë bome waar hulle onderstebo aan takke hang. Die dieet bestaan uit vrugte en blomknoppe van bome, soos kremetart- en wildevybome.



Geel-vrugtevlermuis (*EIDOLON HELVUM*).

Wat die ander hoofgroep, die insekvretende vlermuise betref, word vier families in die Vrystaat aangetref. 'n Vlermuis wat baie algemeen is, is die Kaapse dakvlermuis, *Eptesicus capensis* wat behoort tot die familie Vespertilionidae. Hierdie vlermuis is 'n klein, onopvallende diertjie wat meestal nou geassosieer is met mensgemaakte konstruksies. Die diere verkies nou splete en gate om bedags in te skuil en geboue bied dié skuilplekke. Hulle voedsel is hoofsaaklik insekte, en verkies oop water waar insekte maklik bekom kan word. In die natuur kan hulle 'n ouderdom van tot tien jaar bereik en in gevangenskap is ouderdomme van 12½ jaar bereik. Dit is hoë ouderdomme vir diere met so 'n klein liggaamsgrootte.



Kaapse Dakvlermuis (*EPTESICUS CAPENSIS*).

Die volgende familie wat hier aangetref word, is die losstert-vlermuise, Molossidae. Soos die naam aandui, word die stert van dié diere nie deur die vlerkmembraan ingesluit nie. Verder is sommige soorte wat in die familie voorkom, in staat om met hulle kort, dik beentjies te loop. In hulle skuilplekke hang hulle nie vry nie, maar klou teen die substraat vas en kan daarop rondkruip. Sommige soorte kan ook lang distansies tydens hulle weiperiodes aflê, tot soveel as 50 kilometer. Ander is weer in staat om tot 600 meter bokant die grond te vlieg waar hulle insekte vang wat saam met die warm lug opbeweeg.

Die Egiptiese losstertvlermuis, *Tadarida aegyptiaca* is 'n lid van dié familie en kom hier voor. Die diere se ore is nie baie groot nie maar staan weg na weerskante langs die kop. Hulle is baie vinnige en goeie vlieërs wat nou splete en gate vir skuiling verkies. Geboue en ander konstruksies, selfs los boombas, dien as goeie skuilplek vir dié diere bedags. Die grootte van 'n kolonie wissel van 20 tot 100 diere en hul voedsel is uitsluitlik insekte.



Egiptiese losstertvlermuis (*TADARIDA AEGYPTIACA*).

Die volgende soorte is baie skaars in die Vrystaat; tewens daar is net een of twee eksimplare van die diere versamel, wat moontlik daarop dui dat hulle migreerders kan wees.

Die holgesigvlermuise (Nycteridae) is 'n klein familie waaraan net 'n paar soorte behoort. Kenmerkend van die familie is die groot ore en 'n spleet in die gesig in die omgewing van die neus. Daar word beweer dat die spleet te doen het met die eggolokasie by hierdie diere. Hul voedsel bestaan uit insekte, spinnekoppe en skerpioene wat van die gronden plantegroei af gevang word. Omdat die prooi van dié diere op die grond of plantegroei sit, is die vliegpatroon onegalig en fladderend as hulle wei. Hulle verkies groot oop spasies wat baie donker is om bedags in te skuil soos grotte, stormwaterslote en selfs gate wat deur ystervarke en erdvarke gemaak is.

Die spesie wat in die Vrystaat versamel is, is die Gewone spleetneusvlermuis *Nycteris thebaica*. Koloniegroottes wissel van 6 tot 600 individue. Die diere kom gewoonlik in woude of goed beboste gebiede voor waar hulle tussen een en twee meter bokant die grond wei. Hul dieet bestaan hoofsaaklik uit insekte wat gevang word en dan op dieselfde plek gevreet word, wat lei tot 'n opeenhoping van insekreste en guano onder hierdie vreetplekke.



Gewone spleetneusvlermuis (*NYCTERIS THEBAICA*).

Die laaste familie wat in die Vrystaat verteenwoordig word, is die saalneusvlermuise (Rhinolophidae). Baie opvallend by dié familie is die groot ore en die ingewikkelde struktuur op die neus. Die neus is gewoonlik hoefystervormig met 'n groot aantal velvoue. Hulle oë is klein en onopvallend. Die agterste ledemate kan deur 180° draai sodat die voetsool na vore wys.

Hierdie diere gebruik groot oop, donker ruimtes as skuilplekke waar hulle aan hulle pote hang. Hul voedsel bestaan uit insekte wat in vlug gevang word asook spinnekoppe en ander insekte wat op die plantegroei sit.

Geoffroyse saalneusvlermuis, *Rhinolophus clivosus* is die spesie wat in die Vrystaat versamel is. Hulle verkies hoofsaaklik grotte om bedags in te skuil, en wel grotte wat 'n hoë humiditeit het. Hul dieet bestaan uit insekte wat in die vlug gevang word en ook op 'n spesifieke plek gevreet word. Volgens die reste blyk dit dat dié diere motte en kewertjies verkies.



Liggaamsbou en gesigstruktuur van Geoffroyse saalneusvlermuis (*RHINOLOPHUS CLIVOSUS*).

Vlermuise is seker dié diergroep wat die minste aandag van die meerderheid mense ontvang. Die rede hiervoor is heel moontlik dat hulle naglewend is en ontoeganklike skuilplekke gebruik.

Vlermuise benut snags die lugruim wat bedags deur die voëls gebruik word. Die aanpassings by vlermuise het hulle in staat gestel om hierdie naglewe suksesvol te benut en dit word weerspieël in die groot aantal soorte wat oor die hele wêreld voorkom en die groot getalle wat snags in die lugruim te bespeur is. Die lewensduur van vlermuise is lank, sowat 25 jaar, in vergelyking met ander diere van dieselfde liggaamsgrootte. Dit is moontlik toe te skryf aan die aanpassing wat sommige van hulle ondergaan het om die tempo van die meeste van hul liggaamsfunksies tydens hulle rusperiodes en koue tye van die jaar te laat daal. Dié aanpassing is hibernasie en kom ook voor by ander soogdiere wat in koue dele van die wêreld voorkom.